NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

Oktober 2011 **October 2010**

Redaksioneel

By ons laaste vergadering het een van ons lede aan my genoem dat hy opgehou het om gereedskap te koop. Dit is vir my moeilik om te verstaan hoe 'n mens tot so 'n drastiese stap kan oorgaan. Ek het vandat ek nog op skool was begin om "tools" aan te skaf. Hoekom? Ek glo ons almal ly maar aan die siekte dat ons van 'n goeie, of slim, stuk gereedskap hou. Dit bly mos maar lekker om so 'n nuwe gereedskapstuk uit die verpakking te haal. Dan moet 'n mens die gebruiksinstruksies deurlees waarna jy hom kan toets. (Hierdie deel frustreer my deesdae grensloos, want die vervaardigers skryf nie meer instruksies nie-hulle verduidelik met prentjies want, lyk dit my, vandag se mense kan nie meer lees nie. Toe ek skool gegaan het, het ons leer lees en gevolglik sukkel ek maar om die nuwerwetse instruksies baas te raak. Dit op sigself is egter nie genoeg afskrikmiddel om my te verhoed om tog nog nuwe gereedskap te wil aanskaf nie By die uitstalling het ek byvoorbeeld vir my 'n Veritas kruishout aangekoop. Het ek die duur ding werklik nodig ? Ek glo nie, maar ek kan met reg sê dat ek heel in my noppies is met hoe hy werk. Ek was nou die dag by een van ons jonger lede se werkplek. Die man het omtrent 'n lekker versameling oulike gereedskap. So deur die pratery het ek agtergekom dat hy glad nie ordentlike gereedskap kan los as hy dit sien nie. Hy het toe vir my vertel hoe hy 'n besoeker van oorsee af gebruik het om sy vrou te oortuig dat alle mans 'n kettingsaag "nodig" het, en wat hy toe ook gekoop het! Al hierdie goed kan 'n mens seker op die een of ander manier regverdig en mee saamleef, maar net verlede week het ek regtig ernstig begin dink of alles nog die moeite werd is. Ek het, by ons almal se houthandelaar, 'n pryslys aangevra. Kan 'n mens dit nog bekostig om hout te koop? Ek weet regtig nie hoe ons vorentoe ons gereedskap sal kan gebruik nie.

Programme for October

I would like to remind everyone that we have our end of year function during November. Most of those who regularly attend this function can testify that it is an enjoyable part of our activities. It gives us a chance to mix with our families and friends.

- Wednesday, 26 October, at 18 h 00: Our monthly meeting at the Botany laboratory, University of Pretoria. The theme for the meeting will be: Bandsawing by Dennis Lock as well as Gorilla glue

Vorige maandvergadering

Ek glo daar is vele mense wat deesdae bekommerd is oor die algemene standaard van vakmanskap, of dit nou gaan oor die versiening van jou motor, die loodgieterswerk wat jy benodig of houtwerk. Die lesing wat Theo van Wyk, Dr Francois van As, Milty Sauerman en Henk Sachses tydens die laaste vergadering voorgedra het was vir my baie

waardevol deurdat dit aangetoon het hoe die opleiding, veral op skoolvlak, te kort skiet. Dit laat ŉ mens ook wonder hoe ons die mas gaan opkom met massas mense wat matriek verwerf met vakke wat jou of universiteitstoelating gee of so nie feitlik van geen waarde sal wees nie. Dit is egter bemoedigend dat daar darem mense is wat die gaping sien en kursusse aanbied om diegene wat in houtwerk belangstel op koers te kry.

Theo van Wyk verduidelik met gesag die ernstige probleme met houtwerk / tegniese onderwys

Francois van As gee vir ons onstellende inligting met betrekking tot die leerplanne vir tegniese-tipe opleiding, wat houtwerk insluit.

Tydens hierdie vergadering het ons basies saamgestem dat Die Houtwerkvereniging van Pretoria nie betrokke moet raak by die opleiding van mense (die algemene publiek / skole ens) nie. Dit mag so wees maar iewers moet iemand seker iets daadwerkliks hieroor doen in plaas van net nog ŉ keer te kla dat dinge verkeerd loop.

Dit lyk nie of skole die kinders werklik leer om gereedskap doeltreffend te gebruik nie! Hulle gaan nie, soos met ons die geval was, 50 jaar in die toekoms in ŉ bedkassie, staan-horlosie of wat ook al kan wys wat hulle vir matriek gemaak het nie. Hulle gaan ook nie die vaardighede hê om hulself te help met die maak van goed in en om die huis nie. Wie gaan ordentlike houtprodukte lewer, of gaan ons maar net die meubels vanaf die Ooste of elders invoer?

Behalwe die bogenoemde aanbieding het ons ook die amptelike oorhandiging van die onderskeie trofeë, wat tydens die uitstalling toegeken was, afgehandel

From the Chair / Vanaf die Stoel

We had an interesting monthly meeting in September which was devoted to **woodwork training**. Four speakers presented various aspects of the current status in schools, woodwork teacher training and woodwork courses which are offered commercially. The general trend of woodwork training in schools that it has diminished greatly and that there is a great shortage of qualified woodwork teachers. Refer to another article in this newsletter on a report on the evening.

Various aspects of woodwork training are presented by several organisations in Johannesburg and Pretoria. Details of these current woodwork training opportunities will be given on our website. We are fortunate to have our Honorary Member Keith Jones who teaches turning in Pretoria.

I receive a large number of enquiries about woodwork training and most of them relate to cabinet making and hence the evening's presentations were most useful.

At the end of the evening we discussed briefly the role of the Association in woodwork training and there was some consideration that this is not one of its functions. We do, however, undertake training or knowledge transfer particularly in the Cabinet Makers and Turners Interest Groups as well as in the direct networking between individuals.

Following the evening's discussion, I reviewed our Constitution and abstracted the following points from the Aims and Objectives of the Association which relate to training:

- To foster and keep alive woodworking skills, techniques and knowledge.
- To provide access to information about wood and woodworking in all its forms.
- To encourage a spirit of co-operation and interchange of views and ideas between members.
- To provide a place where members can meet and attend lectures and workshops.
- To foster learning by organising woodworking courses, conducted by leading craftsmen, and by sponsoring competitions.

Clearly there is a strong role for the Association to promote woodwork training amongst its members. What role, if any, should the Association play in woodwork training amongst the broader public? In view of the large number of queries I receive regarding training opportunities in Pretoria, it appears as if there is a distinct commercial opportunity in this regard for someone to establish such a training facility. If any of our members is interested, please inform me.

Belangrike byeenkomste vir die res van die jaar is:

- Maandelikse vergaderings;
- Vergaderings van die draaiers en meubelmakers;
- **Braai op Saterdag 19 November**. Dit sal 'n bring en braai wees. Verdere besonderhede volg.

Groete

Paul Roberts

Voorsitter / Chairman

Kennisgewings/ Notices

- **Paul Roberts reports as follows:**

1. I will be going to buy some 12 and 16 mm sheets of Supawood at the end of October or early November. I will probably get them sawn into quarter sheets (610 x 1220 mm). I do not need a full sheet and if anyone wishes to buy some let me know.
2. Ds Thom has a lot of wood for sale. He has Imbuia and Kiaat amongst others. He is at Geelvisstr 1013 Garsfontein Tel 072 293 6556. He will sell in smaller lots.
3. We want to make a glass sided display case for a turned item which the Association will donate to the Botany Dept of the University for their kindness in making a venue available free of charge for our monthly meetings. Is anyone willing to this job? The Association can pay for the wood etc.
4. We have not yet decided on a venue for the next and final meeting of the year, but will let you know. Please think about topics and a project/s for next year and inform Klaas and myself of your ideas.

- **Van Louw Trichardt**

  My buurman was so 'n klompie jare gelede ons Militêre Attaché in Tanzanië. Met sy terugkeer kon hy daarin slaag om 'n hoeveelheid midde-Afrika hout, in planke gesaag, terug te bring. Ek is nie seker watter soorte betrokke is nie maar dit is goeie meubelhout. Dit is seker sowat 1 to 3 m^3. Die man is hierdie maand oorlede en ek wil sy weduwee help om van die hout van die hand te sit. Enige iemand wat sou belangstel kan my kontak dan kan ons daarna kyk en bepaal wat 'n goeie prys vir almal kan wees.

- **Neville Comins**

  Wants to bring to notice that a Woodturning day will be held at Hardware Centre, Randburg on 5 November, from 14 h00 to 18 h 00. .

- **Gerhard du Randt**

  Het tydens ons laaste maandvergadering genoem van goeie winskopies wat hy raakgeloop het. Hy het ook die volgende laat weet sodat lede dit kan opvolg:

  Ek stuur ‘n foto van die twee “F” klampe aan. Van die lede het meer inligting by my gesoek.

  Die verskaffer is; Autozone, en al die takke behoort dit te kan bestel.

  Die groot klamp se verwysing is; FED.14331 en die prys: R90-00

  Die klein klamp se verwysing is; FED.14330 en die prys : R70-00

  Wat die skuurbande betref; die verskaffer is, Pferd-South Africa (Pty) Ltd. Die verwysing vir bande wat aanbeveel word vir hout is; KK504X, en bande smaller as 300 mm. word in in eenhede van 3 gemaak.

  Die telefoon nommer is; (012) 904 6000, die adres is; No. 112 Hoogoond st. Silvertondale, uitbr. 2.

Die klampe wat by Autozone te kry is

- ’n Dame het vir Willie de Wet (en Gerhard du Rand) genader om die moontlikheid vir die verkleining van ’n tafel. Vir my lyk dit na ’n redelike uitdaging. Hulle beweeg volgende jaar na ’n kleiner woning, so daar is baie tyd beskikbaar. Is daar iemand wat sou belangstel? Indien so, kontak vir Willie om verdere besonderhede. Hier is ’n foto van die tafel. Moet sy hom nie verkoop en ’n kleiner een aanskaf nie?

Latest Namelist

As I understand it, the latest name list has been sent to all our members on e-mail. I include a printed copy to all the snail mail members.

Turners’ meeting 21 September

Soos gewoonlik was ons byeenkoms ’n baie gesellige aand by ons gasheer Piet Smith se werkswinkel. Mev Smith het ons goed onthaal waarvoor ons almal groot waardering het; baie dankie!

Verrigtinge het afgeskop met die roetine sake waarna die netelige onderwerp van beoordeling bespreek is. Die vraag is weer eens geopper of dit eintlik nodig is om draai-items te beoordeel by ons jaarlikse

tentoonstelling aangesien daar hierdie jaar slegs elf draaistukke voorgelê is en dit dus wil voorkom asof daar min behoefte daarvoor is. Verder wil dit ook voorkom of daar redelike ontevredenheid oor die beoordeling onder lede bestaan.

However, it was felt that since the majority of those present at our August meeting had agreed to the appointment of a committee to look into and revise our judging criteria and procedure, we should let them complete their task. There will still be ample time before the next exhibition to decide whether to solicit items for judging.

Another tricky subject raised was to decide on a suitable turned item for a donation to the Botany Department of the University of Pretoria as a token of gratitude for permission to use their facilities for the Association's monthly meeting over the past number of years. One of our turners had indicated a desire to donate one of his pieces since he was a student in the Botany Department many years ago and had also been on its staff for a number of years. The majority of those present agreed that the Turners' Excom should look into the matter to determine whether the items the donator had in mind are suitable.

The homework table was well stocked this month with a number of interesting and some beautiful pieces on display. We tried to look at each piece regarding its design qualities and this solicited good discussions which regrettably had to be brief in order to leave time for the demo after the tea break.

Piet gave an excellent PowerPoint presentation on how his pepper grinders are made and Charlie excelled in demonstrating while the slide show proceeded. Some of us had a good look at, and asked questions about some of the tricky aspects of making pepper grinders.

Hereby a few photo to show how the turners a keeping themselves busy. It is clear that they spend a lot of effort to get these beautiful pieces off the lathes!

Charlie surprised us with a most unusual comment: he said he manages to turn more pepper grinders when his boss is absent than when he is present. There must be many managers who would love to have staff like that!

Cabinet Makers 10.9.2011

The Cabinet Makers Interest Group decided at the last meeting to visit the East Rand Woodworkers' Fair on Saturday 10 September. We arranged a Kombi load of Colleagues from the Group and spent an interesting morning at the Fair. We were pleased to see that some 16 of our Association's members attended the Fair and a number also participated in various activities. The Fair was noteworthy from the point of view of a large number of suppliers. The photographs and text give an overview of the Fair.

Cabinet Makers from Woodworking Association of Pretoria

Note our new Association shirts!

Hall full of interesting exhibits

At Smit from demonstrating turning

Piet Smith (and Charlie!) never misses an opportunity!

Denis Lock and his team from ERWA demonstrating router work

Woodcarvings

Mirrors

It was really gratifying to see the synergy between our two Woodworking Associations and we believe that this will be of mutual benefit.

Paul Roberts

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 0126531874

E-pos: louwmarie@icon.co.za